View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)

# ENKELE ASPEKTE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BEVOLKING- EN ARBEIDSITUASIE

## 1. Oriëntering

Vanweë tegnologiese ontwikkelings wat die kommunikasie tussen lande bykans vervolmaak, is dit so dat geen land sigself geïsoleerd kan beskou of probeer hou van die res van die wêreld nie. Hierdie verbondenheid tussen lande word intenser op die terrein van bevolkings en bevolkingsgroei vanweë die feit dat lande se bevolkingsdigtheid[1)] in baie gevalle groot verskil toon. Omdat bevolkingstoenames een van die vernaamste bedreigings vir die mensdom, asook vir wêreldvrede, inhou, vorm dit een van die mees delikate aangeleenthede waarmee landsowerhede hulself besig hou en gaan dit in die toekoms waarskynlik groot wrywing op internasionale vlak veroorsaak. Die wrywing tussen lande vind normaalweg gestalte in gekamoefleerde geskilpunte oor „diverse" sake maar word basies veroorsaak deur die vrees vir oorbevolking en gevolglike hongersnood in sy uiterste graad.

Die aarde se beperkte oppervlakte en hulpbronne kan reeds nie en sal in die toekoms nog minder die steeds groter wordende bevolkings van voedsel kan voorsien. Ook sal Suid-Afrika in die toekoms nie onbepaald vir sy mense voorsiening kan maak nie vanweë die feit dat die huidige bevolking in steeds korter en korter tydperke verdubbel.

Tabel 1 illustreer die onrusbarende feit dat menslike vermenigvuldiging teen 'n ontstellende tempo toeneem. Soos dit blyk uit tabel 1 sal berekeninge na die jaar 2000 'n oefening in onwerklikhede wees.

1) Vir volledige statistiek insake die bevolkingsdigthede van lande, raadpleeg *Demographic Yearbook 1973*, United Nations.

Tabel 1

TYDSDUUR OM ELKE ADDISIONELE MILJARD MENSE DIE LEWENSLIG TE LAAT SIEN[2]

| Miljard | *Jaar* | *Tydsduur* |
|---|---|---|
| 1 | 1830 | Sowat 5 miljard jaar |
| 2 | 1930 | 100 jaar |
| 3 | 1960 | 30 jaar |
| 4 | 1975 | 15 jaar |
| 5 | 1987 | 12 jaar |
| 6 | 1995 | 8 jaar |
| 7 | 2000 | 5 jaar |

In Suid-Afrika is die grootte van die huidige bevolking byna 25 miljoen en teen 'n meetkundige progressie sal die bevolking binne drie dekades, dit wil sê teen die jaar 2000, aangroei tot sowat 50 miljoen waarvan 90 persent Nie-Blankes sal wees.

Tabel 2 gee vir doeleindes van vergelyking, 'n aanduiding van die jaarlikse bevolkingsgroeikoerse, persentasiegewys, van die verskeie wêreldstreke[3].

2) Machanik (1972:7) het hierdie statistiek ontleen aan *Planners vs. People*, Rationalist Press Association Ltd.

3) Die mees resente statistiek omtrent die wêreldbevolking sien soos volg daar uit:

GESKATTE WÊRELDBEVOLKING (miljoene)

| | | |
|---|---|---|
| | 1965 | 3289 |
| | 1970 | 3632 |
| | 1972 | 3782 |
| | 1973 | 3860 |
| Bevolkingsgroeikoers (persentasie) | | |
| | 1965-73 | 2,0 |
| | 1970-73 | 2,1 |
| Geboortekoers (per duisend) | | |
| | 1965-73 | 34 |
| Sterftekoers (per duisend) | | |
| | 1965-73 | 14 |
| Aardoppervlakte (km$^2$) | | |
| | 1973 | 135 897 |
| Digtheid (1 km$^2$) | | |
| | 28 | |

Bron: *Demographic Yearbook 1973*, United Nations.

Tabel 2

**PERSENTUELE BEVOLKINGSTOENAMES IN VERSKEIE WÊRELDSTREKE [4)]**

| *Streek* | *Jaarlikse persentasietoename* |
|---|---|
| Oos- en Noord-Europa | 0,7 |
| Wes- en Suid-Europa | 1,0 |
| Rusland | 1,1 |
| Noord-Amerika | 1,4 |
| Oos-Asië | 1,4 |
| Afrika | 2,4 |
| Suid-Asië | 2,6 |
| Latyns Amerika | 2,9 tot 3,4 |
| Suid-Afrika (Blankes) | 2,24 |
| Suid-Afrika en Rhodesië (Nie Blankes) | 3,6 |

Die primêre oorsaak van snelle bevolkingstoenames is onkunde omtrent die vernaamste faktore wat menslike aanwas beheers. Met veel ervaring omtrent hierdie saak, doen Indië se Minister van gesinsbeplanning die volgende verklaring, aldus Machanik (1972:7): „It is all very well to talk about social responsibilities to people who enjoy education, have low infant death rates and welfare services to look after them in retirement. It is very different when no such advantages exist, and a large family is looked upon as an insurance against old age. The better the pension given, the less the incentive to breed, by lowering infant death rates, the birth rate drops".

Hier op eie bodem is dit so dat as gevolg van armoede, swak voeding en 'n gebrek aan voldoende mediese sorg by die Swartman 'n kindersterftekoers van ongeveer vyf keer groter as dié by Blankes voorkom. In hierdie verband mag die verklaring van die

4) Machanik (1972:7) het hierdie gegewens ontleen aan *S.A. Statistics, 1970; Rhodesian Census, 1970* en *U.N. Demographic Yearbook, 1969.*

Indiese Minister van Gesinsbeplanning nie genegeer word nie.

Maar die gegewens van tabel 2 bewys ook dat die Blankes van Suid-Afrika 'n baie hoë bevolkingsgroeikoers vertoon – meer as dubbel die groeikoers van Wes-Europa. Suid-Afrika ervaar dus, relatief tot baie ander lande, 'n bevolkingsontploffing. Oneffektiewe pogings is ook reeds in die verlede aangewend om Blankes aan te spoor om 'n hoër en Swartes om 'n laer geboortekoers te handhaaf. Indien Blankes egter die samewerking van Swartes wil verkry met 'n praktyk vir die meer rasionele beheer van geboortes, sal eersgenoemde die voorbeeld moet stel. Dit is ongelukkig so dat die Blankes se eie hoë geboortekoers en die pogings om Blanke-immigrante hier te vestig, waarskynlik die indruk by die Swartman laat dat hy hier in 'n bevolkingswedloop betrokke is.

Teen die agtergrond van hierdie bevolkingsproblematiek, nasionaal sowel as internasionaal, word gepoog om slegs enkele aspekte van die Suid-Afrikaanse bevolkings- en arbeidsituasie te ontleed, waarna die noodsaaklikheid van belegging in menslike kapitaal beklemtoon sal word.

## 2. Enkele aspekte van die Suid-Afrikaanse bevolking

### *2.1 Bevolkingsamestelling*

Die totale bevolking van Suid-Afrika bestaan uit vier groepe waarvan die samestelling, soos tabel 3 aandui, oor jare wel betekenisvol verander het.

Tabel 3

**BEVOLKINGSAMESTELLING IN SUID-AFRIKA[5)]**

| *Jaar* | *Bevolkingsgroep* | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | *Totaal* | *Blankes* | *Gekleurdes* | *Asiate* | *Swartes* |
| 1904 | 100 | 21,6 | 8,6 | 2,4 | 67,5 |
| 1911 | 100 | 21,4 | 8,8 | 2,6 | 67,3 |
| 1921 | 100 | 22,0 | 7,9 | 2,4 | 67,8 |
| 1936 | 100 | 20,9 | 8,0 | 2,3 | 68,8 |
| 1946 | 100 | 20,8 | 8,1 | 2,5 | 68,6 |
| 1951 | 100 | 20,9 | 8,7 | 2,9 | 67,6 |
| 1960 | 100 | 19,3 | 9,4 | 3,0 | 68,3 |
| 1970 | 100 | 17,4 | 9,4 | 2,9 | 70,3 |

'n Ontleding van tabel 3 dui daarop dat die gedeeltes wat die Gekleurdes, Asiate en Swartes onderskeidelik van die totale bevolking uitmaak, oor die jare toegeneem het terwyl die Blankekomponent kleiner geword het. As gevolg van die hoër bevolkingsgroeikoers, relatief tot die Blankes, wat veral by die Swartes voorkom, is dit onvermydelik dat die gedeelte wat die Swartes van die totale bevolking vorm, in die toekoms steeds groter sal word. Die probleem van 'n snelle bevolkingstoename in Suid-Afrika aan die een kant en 'n hongersnood of dalk -dood, iewers in die toekoms, aan die ander kant,. hoef nie 'n illusie te wees nie maar kan baie moontlik realiseer[6)].

*2.2 Bevolkingsgroei*

Die 1970-sensus het 'n totale Suid-Afrikaanse bevolking van 22

5) Ontleen aan South Africa (1974). Die jaartalle wat gebruik word, was sensusjare.
6) Kom hierop terug in die afdeling omtrent bevolkingsgroei.

miljoen getoon. Projeksies deur die RGN dui daarop dat die totale bevolking in die jaar 2000 ongeveer 46 miljoen sal wees (South Africa, 1974). Die huidige bevolking, so word verwag, sal dus in minder as 30 jaar verdubbel. Van die verskillende bevolkingsgroepe word dit geskat dat die Swartes die grootste groei sal toon, naamlik van 15 miljoen in 1970 tot 33 miljoen in 2000. Die Blankebevolking sal, soos verwag, toeneem van 3,8 miljoen na 6,4 miljoen; die Gekleurdes van 2,1 miljoen na 4,2 miljoen; en die Asiate van 0,6 miljoen na 1,2 miljoen.

Die gemiddelde netto migrasiekoers vir Blankes die afgelope tien jaar per 1000 van die Blanke-bevolking was 8,5 persent. Alhoewel die proses van migrasie 'n belangrike mate van sensitiwiteit vir ekonomiese en politieke omstandighede toon, kan dit verwag word dat, as gevolg van die huidige immigrasiebeleid, 'n gemiddelde jaarlikse toevloei van ongeveer 30 000 Blankes vir baie jare behoort voort te duur (South Africa, 1974).

Die vraag moet dus gevra word of ons in Suid-Afrika, as ons dan nie die bevolkingsgroei kan beheer nie, wel voorsiening maak vir 'n snelgroeiende bevolking? Wat sou gebeur indien ernstige tekorte van noodsaaklike kommoditeite ontstaan? Indien, eventueel, intense mededinging na sodanige kommoditeite ontwikkel, sou dit nie moontlik tot rasse-onluste en/of -slagting lei nie? Professor Raymond Cowles van die Universiteit van Kalifornië wat beskou word as 'n toonaangewende outoriteit op die terrein van bevolkingsprobleme maak die volgende stelling: „I see no possibility of the scale of South Africa's economy keeping pace with the population growth" (Machanik, 1972:8). Aansluitend hierby verklaar die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge dat teen 1980 daar waarskynlik 4 miljoen Swart werkloses in Suid-Afrika sal wees. Meer nog, volgens die Direkteur van die RGN, sal Suid-Afrika op daardie stadium (1980) slegs oor die helfte van die 3,5 miljoen geskoolde arbeiders beskik wat nodig sal wees om die ekonomie in stand te hou.

Relevant tot hierdie aangeleentheid doen Machanik (Ibid.) die volgende verklaring: „Ironically the Chairman of the Soweto Urban Council states that 'there are tens of thousands of children in Soweto who cannot fit into school and simply hang around all day wide open to evil influence'. More than half of them are aged 20 or less — all potential breeders in due course".

Dit wil dus onvermydelik lyk asof Suid-Afrika in die toekoms met 'n skynbaar onoplosbare probleem te kampe gaan hê daarin dat werksgeleenthede voorsien sal moet word vir 'n snelgroeiende totale bevolking waarvan die grootste deel nie toegerus is en sal wees vir die funksie wat hy/sy in hierdie tegnologiese eeu moet vervul nie[7]. Die probleem word nog ernstiger as in ag geneem word dat, hoewel geen Swart immigrasie op rekord is nie, meer as 'n halfmiljoen Swartes van buurstate as trekarbeiders in enige gegewe jaar in Suid-Afrika werk. Baie min, indien enige, van hierdie arbeiders is bevredigend geskoold.

'n Volledige oplossing van hierdie probleem is waarskynlik onmoontlik dog dit neem nie weg die feit dat hierdie probleem in verantwoordelikheid benader moet word en vertrouensvol na 'n oplossing gesoek word nie. Dit is reeds duidelik dat alle pogings om die bevolkingsgroei betekenisvol te verminder onsuksesvol blyk te wees; dus moet daar na alternatiewe benaderings tot die oplossing van die probleem gesoek word sonder om eersgenoemde benadering (beperking van bevolkingsgroei) agterweë te laat.

Die mees realistiese benadering van hierdie probleem is om die bevolking en -problematiek as gegewe te aanvaar en alles in die stryd te werp om 'n kwaliteitsbevolking te ontwikkel. 'n Bevolking waarvan die mate van geskooldheid wat bereik is en sal word, die waarborg sal wees dat aan die eise van die huidige

7) In hierdie verband verklaar Machinik (1972:8): „Other creatures that attempted to defy nature's demographic laws are now to be seen in museums only. We will share their fate unless we act now to limit our numbers".

en die toekomstige tyd voldoen sal kan word – eise wat reeds groot is en nog groter sal word vanweë tegnologiese en ander ontwikkelinge. In verband met die kwaliteit van arbeid wys die Russiese Akademie vir Wetenskap die volgende uit: „The value of work done by a person with four years primary education is 43 per cent greater than that of an illiterate, 108 per cent greater when he has had secondary education, and 300 per cent greater when he has had higher education" (Machanik, 1972).

Baie Westerse en byna alle Oosterse lande het reeds hulle aborsie- en sterilisasiewette gemoderniseer uitgaande van die standpunt dat reproduksie wel 'n private daad is maar nie 'n private aangeleentheid nie, omdat almal ekonomies en sosiaal daardeur geraak word. Omdat sodanige modernisering van genoemde wette egter teen ons beginsels indruis, moet ons alternatiewe benaderings soek en ten uitvoer bring en dit bring ons weer eens by die kwaliteitsbevolking. Die bevolking van Suid-Afrika moet teen 'n sneller tempo opgevoed en opgelei word om werk wat geskooldheid verg, te verrig, eerder as om ander lande se surplusmense in te voer. (Daar is reeds vroeër verwys na die projeksie wat daarop dui dat Suid-Afrika teen 1980 slegs oor die helfte van die 3,5 miljoen geskoolde arbeiders wat nodig sal wees om die ekonomie in stand te hou, sal beskik.) Sodanige opvoeding en opleiding van Suid-Afrikaanse ingesetenes sal nie alleen reg laat geskied aan ons eie mense nie maar sal ook die beste waarborg vir oorlewing in 'n onsimpatieke en vyandige wêreld wees.

Voordat die noodsaaklikheid van belegging in menslike kapitaal aandag geniet, is dit egter essensieel dat enkele aspekte van die Suid-Afrikaanse arbeidsituasie uitgelig word. Dit sal die dringende noodsaaklikheid van genoemde belegging in nog beter perspektief plaas en onderstreep.

## 3. Enkele aspekte van die Suid-Afrikaanse arbeidsituasie

### *3.1 Die grootte en samestelling van die arbeidsmag*

Teen die agtergrond van die reeds gestelde bevolkingsvraagstukke is dit essensieel dat enkele aspekte omtrent die arbeidsituasie in Suid-Afrika in fokus gebring word. Dit behoort 'n realistiese beeld van Suid-Afrika se bevolkings- en arbeidsvraagstukke te skep en so moontlikhede te baan waardeur pogings aangewend kan word om nie die simptome nie maar wel die oorsake van die vraagstukke uit te skakel of te verminder – dit wil nie sê dat daar nie reeds pogings aangewend is of sal word nie.

Tabel 4 skets die getalleprentjie van die ekonomies aktiewe en onaktiewe komponente van die totale bevolking waaruit die afhanklikheidskoëffisiënt afgelei kan word.

Die syfergegewens van tabel 4, sowel as die sensusopnames van 1946 en 1951 (South Africa, 1974) dui daarop dat ongeveer 'n derde van die totale bevolking ekonomies aktief was. Hoe kleiner hierdie komponent as onderdeel van die totale bevolking, hoe groter is die afhanklikheidskoëffisiënt – die omgekeerde is ook waar. Die ekonomies aktiewe deel van die bevolking is verantwoordelik vir die totale produksie wat die totale bevolking van die noodsaaklike kommoditeite en meer moet voorsien. Die algemene sowel as die per capita-welvaartspeil van die totale bevolking is dus direk van die grootte en veral die kwaliteit van die arbeidsmag afhanklik. Die grootte van die Suid-Afrikaanse arbeidsmag as persentasie van die totale bevolking wek geen besondere kommer op hierdie stadium nie omdat dit ongeveer in lyn is met omstandighede in verskeie toonaangewende lande van die wêreld. Wat egter wel kommer wek, is die kwaliteit van die arbeidsmag. Op die arbeidsmag rus die verantwoordelikheid om kontinu sodanige produksie te realiseer dat die algemene welvaartspeil van die totale bevolking nie net gehandhaaf sal bly nie maar ook sal verhoog.

Tabel 4

**EKONOMIES AKTIEWE EN ONAKTIEWE BEVOLKING VIR DIE SENSUSJARE 1960 EN 1970[8].**

| | *Sensusjaar* | *Totaal* | *Blankes (Totaal)* | *Gekleurd (Totaal)* | *Asiate (Totaal)* | *Swart (Totaal)* |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ekonomies aktief | 1960 | 5 719 851 | 1 150 845 | 553 572 | 125 688 | 3 889 746 |
| | 1970 | 7 986 210 | 1 497 560 | 703 550 | 179 960 | 5 605 140 |
| Ekonomies onaktief | 1960 | 10 265 776 | 1 926 997 | 956 233 | 352 077 | 7 030 469 |
| | 1970 | 13 416 260 | 2 228 980 | 1 317 880 | 438 180 | 9 431 220 |
| Totale bevolking | 1960 | 15 994 181 | 3 080 159 | 1 509 053 | 477 047 | 10 927 922 |
| | 1970 | 21 402 470 | 3 726 540 | 2 021 430 | 618 140 | 15 036 360 |

8) South Africa, 1974.

Nou is dit so, en die syfergegewens van tabel 4 wys dit uit, dat 'n baie groot persentasie van die ekonomies aktiewe gedeelte van die bevolking uit anderskleuriges en dan veral Swartes bestaan. Die implikasies hiervan vir die ekònomie en andersins, word in die volgende afdeling bespreek.

### 3.2 Die arbeidsmagproblematiek

Die enkele vraagstukke wat hier hanteer word, is sodanig interverwant dat dit kwalik moontlik is om hulle geïsoleerd te bespreek. Die een arbeidsprobleem vorm die oorsaak en/of gevolg of selfs 'n deel van 'n ander probleem. Tog word 'n poging aangewend om sekere van die arbeidsprobleme meer besonderlik te beklemtoon.

#### *3.2.1 Aard van die Suid-Afrikaanse arbeidsmag*

Vanaf die vroegste bestaan van die Blanke aan die Suidpunt van Afrika het hy in sy ekonomiese lewe, en tot 'n groot mate ook in sy privaatlewe, op groot skaal van Nie-Blankearbeid gebruik gemaak. Dit het die geestesingesteldheid van gemaksug, onproduktiwiteit en 'n neiging om eie verantwoordelikhede op andere af te skuif, by die Blanke laat ontwikkel. Alvorens Suid-Afrika se Blankearbeidsmag dus rondkyk vir alternatiewe moontlikhede om die arbeidsbronne aan te vul, moet die Blankewerker selfondersoekend wees, sy eie werkprestasies krities ontleed en ondubbelsinnig bepaal of hy/sy 'n eerlike dag se werk verrig. Daar bestaan min twyfel dat die Blankewerker van vandag baie groter potensiaal het as wat in werklikheid gelewer word, maar ongelukkig ontbreek die dryfkrag en die lus om te werk en verflou die erns om 'n sukses van sy beroep te maak by die dag.

Suid-Afrika sit met die probleem van 'n arbeidstekort en veral in die sfeer van werkgeleenthede wat geskooldheid verg. Dit is ydel om te dink dat meganisasie en outomatisasie die Republiek

se arbeidsprobleem grootliks sal oplos. Gebeurlikhede in ander lande het bewys dat dit nie moontlik is nie. En sonder *nuttige* arbeid, sonder die middele om rumateriale in klaarvervaardigde produkte om te sit, is die groot potensiële rykdom van Suid-Afrika nutteloos.

'n Besondere knelpunt in die Suid-Afrikaanse arbeidsmilieu is dat die vier bevolkingsgroepe waaruit die totale arbeidsmag saamgestel word se agtergrond, lewensuitkyk en -ingesteldheid wesentlik en radikaal verskil. Die gevolg hiervan is dat teorie en praktyk ook dikwels radikaal verskil. Hierdie feitelike situasie het dan ook tot gevolg dat die uitgesproke Atkinson (1972:7) die volgende uitlating maak: „In South Africa the economic ideas of all the peoples and all the centuries are still battling it out. Our ideas and practice are as far apart as our Bushmen from our Professors. Rotarians and publicists sometimes express modernistic and enlightened views; others reveal the ideas almost of the dark ages of slavery"[9].

Die Swartman spesifiek is inwoner van sy tuisland en by implikasie is hy dus 'n trekarbeider. Die trekarbeidstelsel het 'n nadelige invloed op die produktiwiteit van die betrokke werkers, en dus op die produksievermoë van die land as 'n geheel. (Kom later hierop terug). Werkstyd gaan naamlik verlore deur die verskuiwing tussen werkkringe, sowel as die lang rusperiodes wat die trekarbeiders hulself gun. Die stelsel maak dit ook vir die individuele trekarbeider moeiliker om vaardigheid vir die beoefening van een of ander soort werk te ontwikkel, of om die nodige opleiding daarvoor te ontvang.

Die Tomlinsonverslag vermeld dat maar sowat drievyfdes van die trekarbeider se werkleeftyd in aktiewe werk teen betaling deurge-

9) Verder in dieselfde betoog verklaar Atkinson: „The man in the workshop seems to have a knowledge and a philosophy which the market place take notice of, which the professional classes are dimly aware of, but which the governing classes either ignore or are ignorant of".

bring word, terwyl die aftree-ouderdom omtrent twintig jaar vroeër as dié van Blankes is. Dit spreek dus vanself dat indien die trekarbeider se werksgewoontes mettertyd sou verander sodat hy 'n voltydse arbeider in Westerse sin sou word, die produksiestelsel sou beskik oor addisionele arbeidskrag wat tans verlore gaan.

Die praktyk bewys dat as gevolg van die lae lewenstandaard van die meeste Swartes (kom later hierop terug) hulle nie genoegsaam gemotiveerd is om hulself deur middel van opleiding te bekwaam om sodoende hul arbeidskragte produktief tot voordeel van hulself en die totale ekonomie aan te wend nie. Die resultaat is dat die Blanke wat reeds ver op die pad van ontwikkeling gevorder het, die Swarte – van wie baie nog nie in vooruitgang belang stel nie – deur hierdie periode, wat nog baie lank mag duur, moet „dra", indien ons voorspoed en ekonomiese groei as oogmerk het.

### *3.2.2 Arbeiderkwaliteit*

Teen die agtergrond van wat reeds gesê is en met besondere ervaring en algemene waarneming in die praktyk, is dit ongetwyfeld waar dat dit meer as ooit tevore nodig geword het om die middele wat beskikbaar is om die stryd teen behoeftebevrediging mee aan te knoop, só te gebruik dat dit tot optimale benutting sal lei. Die moderne mens se behoeftes is veel meer omvangryk en gediversifiseerd as dié van sy voorganger en die eise wat aan middele gestel word, neem ontsettende afmetings aan. Daarom dat die klem al meer begin val op die kwaliteit van die middele – ook arbeid – tot ons beskikking. Weliswaar sou dit dwaas wees om die belangrikheid van die kwantiteit van middele te verontagsaam, maar net so fataal sou dit wees om die relatiewe groter invloed van kwaliteit, bokant 'n minimum hoeveelheid, nie na waarde te skat nie[10].

(10) In verband met die noodsaaklikheid van ekonomiese bloei vir 'n land verklaar Van Zyl Wolfaard (1972:14): „... dat politieke partye verkiesings veg met ekonomiese sake as deurslaggewende beleidsverklaring... en dat dit algemeen aanvaar word dat militêre konfrontasie nie meer in die gevegslinies beslis word nie, maar daar agter in die finansiële – en industriële 'loopgrawe'."

Soos daar in elke land, al na gelang van sy kwantitatiewe en kwalitatiewe bedeeldheid met produksiemiddele en -kragte, 'n optimale kombinasie is van kapitaal en arbeid in die ruime sin, so is daar ook 'n ekonomies ideale kombinasie van verskillende soorte arbeid, van produserende en leidinggewende[11] arbeid. Na skatting sal daar in die V.S.A. in 1975 ongeveer 25 persent van die beroepsbevolking in laasgenoemde omvattende kategorie wees (Steenkamp, 1972:109). Bereken dat, as Suid-Afrika se bevolking in die jaar 2000 42 miljoen beloop en 40 persent of 17 miljoen daarvan is beroepsbevolking, die leidinggewende kategorie, uitgaande van die Amerikaanse verhoudingsgetal, 4,25 miljoen moet wees. Maar Suid-Afrika se totale Blankeberoepsbevolking sal dan waarskynlik slegs 2,4 miljoen tel, dit wil sê 40 persent van ongeveer 6 miljoen. Aldus Steenkamp (1972: 109). Selfs al word die 25 persent na 15 persent verlaag, sal die behoefte aan leidinggewende arbeid nog die hele Blanke beroepsbevolking oortref daarin dat dit waarskynlik 2,5 miljoen sal wees.

Wat die saak nog emstiger maak, is die feit dat daar dan nog nie eers rekening gehou word met die feit dat, in die eerste plek, 'n groot deel van die produserende arbeid, dit wil sê die geskoolde arbeid, tans deur Blankes verrig word en dat, tweedens, 'n deel van die Blankeberoepsbevolking nie vir leidinggewende arbeid geskik is nie.

Hoeveel 'n mens ook al van hierdie sommetjie wil aanvaar of verwerp, is dit egter duidelik dat 'n tyd gaan aanbreek wanneer die Blankeberoepsbevolking te klein gaan wees vir die werk in die hoër beroepe, veral as die ambagte ook bygereken word.

Dit het reeds verskeie kere in hierdie geskrif, onaangedui, geblyk dat *tyd* nou 'n belangrike faktor in die opset van die Suid-

11) Steenkamp (1972:117) definieer hierdie groep breed, soos in die V.S.A., as "professional and technical" en "managers, officials and proprietors".

Afrikaanse bevolkings- en arbeidsproblematiek is en dit ook in die toekoms gaan wees. Terwyl dit wel moontlik is om 'n ekonomie se fisiese kapitaalvoorraad in 'n betreklike kort tyd op te bou en uit te brei, neem dit veel langer – dekades – om 'n geskoolde arbeidsmag van gehalte op die been te bring.

Teen hierdie agtergrond kan 'n mens nie anders as om die skrywer gelyk te gee waar hy sê dat „the major capital stock of an industrially advanced country is not its physical equipment: it is the body of knowledge amassed... and the capacity and training of its population to use this knowledge effectively" (Van Zyl Wolfaard, 1972:15).

Die „vermoë" van 'n volk om kennis te benut, veronderstel egter nie bloot geskooldheid in die enge sin van die woord nie. Naas tegniese vaardigheid moet ander kwaliteitseienskappe ook voorkom; eienskappe wat 'n progressief-dinamiese lewensingesteldheid openbaar, waaronder die wil om vaardigheid te benut, die drang om produktiwiteit te verhoog en maksimale produksie na te jaag, die vermoë om met ander te kan saamwerk, en die bereidwilligheid en aanpasbaarheid om te kan tred hou met konstruktiewe transformasie.

Daar word egter beweer, en met reg, dat die sosio-ekonomiese karaktereienskappe tot 'n groot mate „newe-produkte" is van die proses van opleiding; dat hierdie sogenaamde „external economics" op die koop toe verkry word namate geskooldheid in omvang toeneem. Daarom bly *opleiding* steeds die hoeksteen waarop die veredeling van die arbeidsmag rus, maar „in-die-werk-opleiding" is nie genoegsaam nie. Dit moet slegs as komplementêr beskou word tot formele opleiding en dit sluit nie slegs skoolonderwys en universiteitsopleiding in nie, maar betrek ook volwasse onderrig.

### *3.2.3 Produktiwiteit, ontwikkeling en welvaart*

Die mens is nou eenmaal so, hoe minder van hom gevra word,

hoe minder bied hy aan. Die volke van Suid-Afrika, wat hul bestaansreg alleen deur harde werk kan verseker en beveilig, kan nie bekostig dat allerlei faktore hul produktiwiteit verminder nie.

In hierdie verband hoor en sien 'n mens gesaghebbendes op die ekonomiese terrein hul toesprake of artikels inlui met: „Die enigste effektiewe teenmiddel teen inflasie is hoër produktiwiteit en aansporing tot harder werk" (Greyling, 1972:7), of „Van sit en staan kom niks gedaan" (Van Wyk, 1973). Laasgenoemde aanhaling is woorde wat dr. Chris van Wyk op 'n AHI kongres gebesig het toe hy die stelling gemaak het dat al die gepraat oor produktiwiteitsverhoging nie veel aan ons swak rekord oor die afgelope jare verander het nie. Dr. Van Wyk het, onder andere, gesê dat die produktiewer gebruik van werkers, tesame met groter belegging en meer beplanning om hul vaardighede en vermoëns te verhoog, die sleutel is tot beter benutting van alle ander produksiemiddele.

Die ontwikkelingstempo en -omvang van 'n land en sy mense is 'n funksie van, onder andere, arbeidsproduktiwiteit. 'n Kwelvraag bly die vermoë van die Swartes om in hul eie gebiede 'n ontwikkelingstempo en -omvang te handhaaf wat dit vir die Blankes in die moderne sektor moontlik sou maak om hul huidige posisie te handhaaf. Projeksies (Steenkamp, 1972:109) wat op grond van huidige bevolkingsgetalle en -groei gemaak word, wys uit dat die Swart tuislande teen die einde van die eeu minstens 18 miljoen mense sal moet onderhou, sodanig dat hulle 'n redelik geagte lewenstandaard sal kan handhaaf sonder om op enigsins aansienlike skaal in die huidige moderne sektor te moet werk. 'n Mens hoef net eenmaal na hierdie syfer te kyk en maar vlugtig die moeilikhede van ekonomiese ontwikkeling in die minder ontwikkelde gebiede van Afrika in die herinnering te roep om te besef dat die Swartman, ook met sekere Blankehulp, vir die nodige vooruitgang hoegenaamd nie vatbaar is nie. In een geslag sou in die arm tuislande – arm aan kundigheid, kapitaal en veral inisiatief plek gemaak moet word vir 'n beroepsbevolking

ongeveer so groot as hul huidige totale bevolking. Dit is by verre nie moontlik nie.

Suid-Afrika (die Blanke) sal daarom 'n baie groter Swart en dus totale bevolking in die moderne sektor van 'n bestaan, en wel 'n aansienlik beter bestaan as die teenswoordige, moet voorsien. Die vraag is of die Blanke dit, met behoud van sy huidige posisie as verskaffer van geskoolde arbeid en leiding, danksy groter immigrasie, hoër produktiwiteit en meganisering, kan doen. Dit wil nie so voorkom nie! Vroeër in die referaat is die mening reeds uitgespreek dat Suid-Afrika nie baie klem behoort te lê op immigrasie nie, tensy dit dringend van aard is. Die aanhoudende internasionale politieke geneul met Suid-Afrika enersyds en die sterk toenemende welvaart in Europa, ons hoofbron van immigrante, andersyds, is in elk geval remmende faktore. Van opvoeding van ons eie mense se produktiwiteit is, helaas, nog minder te verwag solank hulle in die beskermende posisie bly. Dit is ongetwyfeld waar dat die Blankewerker baie dikwels veel meer kan uitrig as wat wel die geval is. Te veel tyd word bestee aan tee, koek, sportpraatjies, en so meer, met die gevolg dat die werk maar teen halfpas geskied. Maar, en dit is die vraag: hoe bring jy daarin verandering sonder om so 'n mens in sy posisie te bedreig? En dit is presies wat nie gedoen wil word deur die handhawing van werkreservering nie. Ons sit dus in 'n nare kringloop vasgevang. Om die Blanke in sy huidige posisie te probeer handhaaf, beskerm ons hom; maar deur hom te beskerm word sy posisie in gevaar gestel. Dit het ook te dikwels in die onlangse verlede gebeur dat looneise nie gekoppel was aan hoër produktiwiteit nie, maar dat die hoër lewenskoste as basis vir onderhandeling aangegryp is. In plaas van te strewe na 'n inkomste met hoër koopkrag, beteken sulke eise om hoër lone en salarisse, meer geld wat minder koop, dit wil sê solank die hoër vergoeding nie groter produktiwiteit meebring nie: wie al sóveel het dat hy 'n lang naweek 800 kilometer ver by die see kan gaan deurbring, sal nie harder werk as hy dit nog steeds beter kry nie: die mens is mos 'n rasionele wese. Omdat die lone styg sonder dat die pro-

duktiwiteit daarmee tred hou, word gegryp na die proses van meganisering. Maar dit kan 'n boemerang word. In 'n land soos Suid-Afrika met goedkoop arbeid, gee 'n kombinasie van eenvoudiger kapitaalgoedere met meer arbeid, laer koste per eenheid produk. Sterk meganisering sal die moderne sektor se konkurrensievermoë dus net verminder.

'n Mens kan bontstaan soos jy wil — daar skyn helaas geen uitkomkans te wees nie. Bevredigende ekonomiese groei gaan in die toekoms groter kwantitatiewe en kwalitatiewe aanwending van, onder andere, die Swart arbeid vra. Swart arbeid wat teen 'n snelle tempo kwalitatief geskool sal moet word.

*3.2.4 Die moontlikheid van vakbondontwikkeling en stakings*

In verband met hierdie aangeleenthede word slegs enkele gedagtes gewissel.

Die wetboek verbied Swart vakbonde in Blank Suid-Afrika en verbied ook stakings. Daar is egter gerugte en roeringe dat Swart vakbonde vanuit die onderskeie tuislande die belange van hul mense wat in Blank Suid-Afrika werksaam is, wil hanteer en beskerm. Na my mening is dit egter onmoontlik omdat sodanige belangebeskerming oor internasionale grense heen nie deur die Suid-Afrikaanse regering toegelaat sal word nie. Feit bly, en daarvoor mag die oë nie gesluit bly nie, dat sodanige pogings deur Swart vakbonde vanuit tuislande, die saadjies van ongelukkigheid, ontevredenheid en onrus kan saai, en ontkieming is wel moontlik, wat die Suid-Afrikaanse ekonomie dan erg kan benadeel.

Enkele stakings het reeds so vroeg as 1971 onder Swart werkers ontstaan (Financial Mail, Vol. 47:1044). In daardie jaar was 2 456 Swartes by 22 stakings betrokke. Gedurende 1972 was 3 374 Swartes by 16 stakings betrokke en in 1973 was 60 000 werkers by stakings net in Durban betrokke waardeur 120 ondernemings nadelig beïnvloed is. Op grond van die onlangse myn-

onrus en -stakings is dit geregverdig om die gevolgtrekking te maak dat dié soort optrede die totale ekonomie veel skade kan berokken. Reeds so vroeg as 1973 het mnr. James Zurich, president van die konserwatiewe Artisan Staff Association, in verband met bogenoemde aangeleentheid, sy kollegas in Oos-Londen gewaarsku met: „We have to realise that we have an awakeing giant in our midst" (Ibid).

Ook hierdie faset van die arbeidsproblematiek plaas groot druk op die snelle en mees omvangryke skoling van die huidige en die potensiële arbeidsmag.

In die lig van die gestelde vraagstukke sal groter belegging in menslike kapitaal onontbeerlik word.

**4. Die noodsaaklikheid van belegging in menslike kapitaal**

'n Skrywer wat pionierswerk in hierdie veld gedoen het, verduidelik hierdie tipe investering soos volg: „Although it is obvious that people acquire useful skills and knowledge it is not obvious that these skills and knowledge are a form of capital, that this capital is in substantial part a product of deliberate investment, that it has grown in Western Societies at a much faster rate than conventional (non-human) capital and that this growth may well be the most distinctive feature of the economic system" (Terblanche, 1970:58).

Die mens beskik oor inherente kwaliteite, baie waarvan eers benut kan word nadat 'n proses van skoling deurloop is. Die mens beskik dus oor vermoëns wat, via die proses van opvoeding en opleiding, ontgin word en wat daarna in die praktyk van toepassing gemaak en benut kan word. Dit is ook net logies dat daar 'n direkte funksie tussen die mate of graad van geskooldheid en die benutbaarheid van die menslike kwaliteite bestaan.

Die ontwikkeling van menslike hulpbronne is dus die proses waarvolgens die kennis, vaardighede en kapasiteite van die mense in 'n gemeenskap verhoog word. In ekonomiese terme beteken dit die akkumulasie van menslike kapitaal en die effektiewe investering daarvan in die ontwikkeling van die ekonomie.

Die praktyk het reeds bewys en bewys nog steeds dat die persoon met 'n groot hunkering na sukses en prestasie meer vol selfvertroue is, genot daaruit put om versigtig berekende risiko's te neem, sy omstandighede aktief ondersoek, en baie geïnteresseerd is in konkrete maatstawwe van sy wel en wee.

Dit is normaalweg mense met 'n klein strewe na sukses wat geldprikkels nodig het om gestimuleer te word om harder te werk. Die persoon met 'n groot hunkering werk in elk geval harder, en voorsien of skep 'n geleentheid om sukses te behaal.

Sodanige bevindinge laat belangrike vrae ontstaan in verband met die mees effektiewe benaderings om ekonomiese groei in ontwikkelende lande te stimuleer. Meeste beleidmakers is van mening dat komponente waarop gekonsentreer moet word, *eerstens* die *omstandighede* waarin die individu leef en tweedens die *geleenthede* vir die verwerwing van geskooldheid is.

Alle handelinge of optredes het 'n motivering. Voorbeelde van sodanige motiverings met betrekking tot die verwerwing van hoër onderwyskwalifikasies is: *intellektuele kapasiteit, 'n roepingsgevoel, huislike omstandighede, motivering* en *inkomste.*

Die roepingsgevoel, huislike omstandighede en motivering self is funksies van die geestelike rypheid en ontwikkelingspeil van 'n volk. By 'n ontwikkelde land is die faktore sterk teenwoordig terwyl dit by die ingesetenes van 'n ontwikkelende land aangekweek moet word oor 'n periode van baie jare. In Suid-Afrika het ons die feitelike situasie dat meer as 80 persent van die totale

bevolking, waarvan die grootste persentasie Swartes is, nog nie die' geestelike rypheid en ontwikkelingspeil bereik het vanwaar genoemde (dryfkragte) motiveringe as't ware outomaties in werking kom nie. In dieselfde asem moet dit egter gemeld word dat betekenisvolle vordering op die gebied van Swart onderwys gemaak is en wel daarin dat teenoor 9 persent van die totale Swart bevolking van 8 600 000 in 1951, 18,5 persent van die totale Swart bevolking van 15 000 000 in 1970, reeds op skool was (Burger, 1972:167).

In perspektief gesien, is dit egter nog maar 'n druppel in die byna leë emmer.

Die rede hiervoor is volgens J.A. Rabie, vise-voorsitter van die Coloured Persons' Representative Council deels die feit dat: „South Africa obviously faces an enormous challenge – social, political, economic. It is becoming more and more dependant on Black skills and education, yet 25 per cent of African schoolchildren drop out after one year of schooling, and less than a tenth reach the secondary school level" (Financial Mail, No. 1.49:130).

Suid-Afrika het die sewentigerjare betree met minder as 20 000 gematrikuleerde Swartes (vergeleke met 850 000 Blankes) en slegs 'n geskatte 3 500 Swartes met universiteitsgrade (teenoor 106 000 Blankes. (Ibid.)

Suid-Afrika se geskoolde Blankes is egter by verre te min om die land se mannekragbehoeftes te bevredig. Dit is duidelik dat indien Suid-Afrika in die toekoms 'n bevredigende ekonomiese groeikoers wil handhaaf, voldoende werksgeleenthede beskikbaar wil hê, 'n meer gelyke verdeling van welvaart wil nastreef en armoede sover as moontlik wil uitskakel, die opleidingsgeleenthede vir, onder andere, Swartes op 'n baie groter skaal uitgebrei sal moet word.

Mnr. C.J.F. Human (1972:11), voormalige president van die

Handelsinstituut, het in 'n toespraak oor nywerheidsontwikkeling onder andere verklaar dat met die indiensname van minder geskoolde arbeid, hoër produktiwiteit nie verkry word nie en dat die voordele van 'n laer loonstruktuur grootliks verlore gaan. Daarom is dit, volgens hom, voorts van dringende belang dat die opleiding van Swart vakmanne daadwerklik bespoedig word en dat die owerheid voldoende opleidingsgeriewe daarstel. In dié verband het mnr. Human ook verwys na die Witskrif oor nywerheidsdesentralisasie wat dit ook beklemtoon dat fasiliteite in toenemende mate geskep moet word, veral ook ten opsigte van die voor-indiensopleiding van die Swartes.

Dit gee 'n mate van vertroosting om te weet dat naas die V.S.A., Suid-Afrika die land is met die hoogste universiteitsbywoningsyfer ter wêreld in verhouding tot die Blankebevolking. Ons moet ons egter nie teen hierdie feit blindstaar nie. Daar is nog te veel vroeë skoolverlaters sonder doelgerigte beroepsgeoriënteerde opleiding. Daar is ook te veel na-matriekskoolverlaters wat geen verdere formele na-skoolse opleiding ontvang nie. Mannekragverkwisting vind ook plaas deur onoordeelkundige vakkeuses op skool en universiteit. Die beroepskeuses is dikwels nie ooreenkomstig die land se behoeftes nie, vandaar die tekort aan vakmanne, ingenieurs en tegnici.

Onderwysers en beroepsvoorligters is gedeeltelik te blameer vir dié probleme wat ondervind word. Na-skoolse opleiding word dikwels so gepropageer dat daar vir die skolier net twee weë voorgehou word, naamlik universiteit of die onmiddellike toetrede tot die arbeidsmag. Die gevolg is dikwels mislukte universitêre loopbane en min belangstelling in tegniese rigtings. Dit kos die land momenteel nie net baie geld nie, maar doen die individu regstreeks en die ekonomie onregstreeks onberekenbare skade aan.

Reeds in 1973 het mnr. P.K. Hoogendyck, die toenmalige president van die Handelsinstituut, gepleit vir meer omvangryke en doeltreffender opleiding van die Blankewerker om steeds meer

gevorderde dienstake te verrig asook beter opleiding vir die Swartman om in produksie- en diensbedrywe aan die arbeidsvraag te voldoen (Hoogendyk, 1973:23).

Mnr. Hoogendyck het verder verklaar dat Suid-Afrika die stadium bereik het waar 'n mannekragbalansstaat opgestel moet word om vas te stel watter soort vaardighede oor 'n tydperk van jare benodig gaan word en stappe wat gedoen moet word om die aanbod in hierdie vaardighede met die aanvraag daarna te laat klop.

Veel gedagtes is reeds vroeër in hierdie referaat uitgespreek omtrent Suid-Afrikaanse arbeidsprobleme — arbeidsprobleme wat uit verskillende hoeke besien kan en moet word en waarvan die geaardheid ook dikwels verskil. Pas is klem gelê op die noodsaaklikheid dat Suid-Afrika so spoedig moontlik meer en beter opleidingsgeriewe daar moet stel sodat maksimale belegging in menslike kapitaal kan plaasvind. Die belangrike voordeel van sodanige belegging lê daarin dat die verbetering in die kwaliteit van arbeid deur middel van opleiding, onder andere, die soepelheid van die arbeidsaanbod verhoog, en dat 'n goed aanpasbare arbeidsaanbod 'n voorvereiste vir die bevredigende mobiliteit van arbeid is. Laasgenoemde is weer noodsaaklik vir gesonde ekonomiese groei.

Maar die sneeubaleffek kan ook anders besien word. In die ekonomiese teorie en praktyk is dit bewys dat die hoeveelheid verbruiksgoed gevra, 'n funksie is van die inkomste van die persoon. Inkomste is die ekonomiese instrument wat 'n verbruiker in staat stel om sy voorkeure in die mark uit te druk. By implikasie sal redelike per capita-inkomstes vir die bevolking van 'n land dus 'n groot vraag na onderwysfasiliteite as 'n *verbruikersgoed* meebring. Die Blanke in Suid-Afrika het hierdie stadium reeds lankal bereik terwyl die Swarte van Suid-Afrika die afgelope paar jaar besig is en vir nog baie jare besig sal wees om in hierdie stadium in te beweeg, naamlik dat opleiding en opleidingsfasiliteite as 'n *verbruiksgoed* beskou word.

Meer belangrik egter nog, veral vandag, is die feit dat 'n volk, of bevolkingsgroep dan, die geestelike visie moet hê of moet ontwikkel om te besef dat onderwys 'n *langtermynbelegging* is. Daar mag dus nie, binne perke, vasgekyk word teen 'n korttermynprobleem soos koste verbonde aan geriewe en om dan op grond daarvan opleidingsprojekte uit of af te stel nie. Suid-Afrika, soos reeds vroeër beweer, speel teen tyd.

Hierdie argument kan ook uit 'n ander hoek verantwoord word, naamlik dat dit 'n basiese aanname in die ekonomiese teorie is dat die inkomste wat deur 'n kapitaalgoed geproduseer word, een van die faktore is wat die vraag daarna bepaal. (Correa, 1963:75-82.) 'n Groot vraag na onderwys en onderwysfasiliteite deur die bevolking (-groepe) beteken dan by implikasie dat die bevolking onderwys as *investering* beskou, vanweë die eventuele hoë opbrengs. Die Blanke van Suid-Afrika het reeds hierdie visie terwyl dit veral by die Swartman nog totaal ontbreek. Die Blanke het in hierdie verband 'n groot verantwoordelikheid daarin dat hy, die Swarte via die opvoedingsproses op alle vlakke moet lei tot op daardie stadium waar laasgenoemde onderwys as langtermynbelegging sal beskou en aanvaar. Dit sal dus vir 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika as mylpaal beskou kan word indien die bevolking in die breë, en elke bevolkingsgroep afsonderlik, se geestelike rypheid op sodanige peil kan kom dat opleiding, in al sy fasette, as investering beskou sal word. Dit sal nie net 'n mylpaal wees nie, dis 'n *moet.*

### 5. Slotopmerkings

Verskeie vooraanstaande ekonome en politici (Janson, 1973:7) (tot op kabinetsvlak) is dit eens dat Suid-Afrika arbeiders so snel moontlik moet oplei, dan wel ook ongeskoolde Swartes wat in diens van ondernemers staan. Verskeie metodes waarop hier nie ingegaan word nie, is moontlik. (Kraft, 1972:5.)

Bemoedigend is dit ook wel dat prof. Nic Wiehahn, direkteur van Unisa se Instituut vir Arbeidsbetrekkinge, verklaar dat 'n volskaalse wetenskaplike aanslag op Suid-Afrika se arbeidsvraagstukke aan die gang is. (Suid-Afrikaanse Oorsig, 30 Januarie 1976.)

Prof. Wiehahn verklaar dat inflasionistiese druk dit duidelik gemaak het dat die keermure wat die volle gebruik van alle talente verhinder, so glad as moontlik verwyder moet word.

Die stakings in Durban het sommige van die spinnerakke om die arbeidstoneel weggevee. Maar daar was steeds 'n groot gebrek aan besadigde wetenskaplike ontleding en gesaghebbende leiding oor hierdie ingewikkelde arbeidsvraagstukke wat alom beskou word as die sleutel tot Suid-Afrika se ekonomiese en, moontlik, politieke toekoms – aldus prof. Wiehahn.
In die lig van bogestelde feite, baie waarvan besondere knelpunte vorm, is dit so dat die huidige tyd en die jare wat kom, groot eise van elke gesonde mens in Suid-Afrika gaan vra – eise wat dikwels te groot lyk. Maar ons weet immers dat daar geen lewe sonder offer is nie, geen oorwinning sonder kruis is nie en dat 'n volk sonder roeping 'n volk sonder toekoms is maar dat 'n volk wat sy roeping vervul, onvernietigbaar is, want: „... die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig". (1 Joh. 2:17.)

P.C. Schutte

## BRONNELYS

ATKINSON, T. 1972. Powerless Workers. *South African Outlook* vol. 102, nr. 1208, Jan.

BURGER, A.J. 1972. Die vordering van die Bantoevolke op Onderwysgebied en die betekenis daarvan vir die Blankes. *Tydskrif vir Rasseaangeleenthede,* vol. 23, nr. 1, Jan.

CORREA, H. 1963. *The Economics of Human Resources.* North-Holland Publisching Co., Amsterdam.

UNITED NATIONS, 1973. *Demographic yearbook.*

Financial Mail, vol. 49, Julie 1973.

Financial Mail, vol. XLVII, nr. 12, Maart 1973.

GREYLING, D. 1972. Produktiwiteit versus Inflasie. *Volkshandel.* Jaargang 33, nr. 8, Oktober.

HOOGENDYCK, P.K. 1973. Opleiding die Sleutel. *Volkshandel.* Jaargang 34, nr. 7. Oktober.

HUMAN, C.J.F. 1972. Bantoeopleiding moet vinniger. *Volkshandel,* Jaargang 32, nr. 12, Februarie.

JANSON, T.N.H. 1973. Mr. Janson points the way. *Commercial Opinion,* vol. 51, nr. 607, Augustus.

KRAFT, R. 1972. Five percent of S.A. company earnings could buy R100m in extra non-White training. *Management,* vol. 3, nr. 2, Okt.

MACHANIK, G. 1972. Defuse the Population Bomb. *Commercial Opinion,* vol. 49, nr. 588, Jan.

S.A. Oorsig, 30 Jan. 1976.

SCHUTTE, P.C. 1971. Demografiese en arbeidsvraagstukke.

SOUTH AFRICA 1974 – Official Yearbook of the Republic of South Afirca.

STEENKAMP, W.J.F. 1972. Kardinale aspekte van Suid-Afrika se ontwikkelingsvraagstuk. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* Jaargang 12, nr. 2, Junie.

TERREBLANCHE, S.J. 1970. The Relative Contribution of Tangible and Human Capital Formation to Economic Growth. *The South African Journal of Economics,* vol. 38, nr. 1, Maart.

VAN WYK, C. 1973. Van sit en staan kom niks gedaan. *Volkshandel,* vol. 34, Junie.

VAN ZYL WOLFAARD, G. 1972. Kwaliteit-arbeid: Sleuteldeterminant van Ekonomiese Groei en Ontwikkeling, *Alpha,* vol. 10, nr. 7, Februarie.